SING ONDER MEKAAR

BEGELEIERSBOEK

SING ONDER MEKAAR

BEGELEIERSBOEK

vir die proefsangbundel

N G Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk

Kopiereg © 1989
Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kommissie van die
Nederduitse Gereformeerde Kerk

Uitgegee deur
N.G. Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk
en verkrygbaar by N.G. Kerkboekhandel 1988 (Edms) Bpk
Posbus 245, Pretoria 0001

Geset in 9 op 10 pt Plantin
Musiek geset en tipografies versorg deur Studio Holland,
Goodwood, Kaap
Gedruk en gebind deur Nasionale Boekdrukkery,
Goodwood, Kaap.

Eerste Uitgawe 1989
Buiteblad: Tersia Vermaak
Alle regte voorbehou

ISBN 0-7987-0564-7

VOORWOORD

SING ONDER MEKAAR bevat verskillende soorte melodieë. Om hierdie rede wissel die styl en moeilikheidsgraad van die harmonisasies.

'n Komma bokant die sisteem dui frasering en nie altyd 'n ruspunt aan nie.

Vanweë die feit dat hierdie 'n proefsangbundel is, word die harmonisasies nie noodwendig as afgehandel beskou nie. Aanbevelings in hierdie verband, asook ander wenke rakende die *Begeleiersboek,* sal verwelkom word.

Kopiereg ten opsigte van teks, melodieë en harmonisasie, is by elke lied afsonderlik aangedui. Teksskrywers se name verskyn telkens links van die lied se titel terwyl inligting met betrekking tot melodieë en harmonisasies regs verskyn. In gevalle waar verwysings ontbreek, word standaardharmonisasies gebruik.

REDAKSIEKOMMISSIE
Prof. Attie C. Barnard (Voorsitter)
Dr. Julian C. Müller (Skriba)
Dr. Elza Roux
Prop. W.M. Louwrens Strydom
Prof. Albert J.J. Troskie
Mev. Bertha M. Spies

'n Besondere woord van dank word gerig aan dr. Elza Roux en mev. Bertha Spies vir die tipografiese versorging van hierdie publikasie.

Die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kommissie, in samewerking met die Uitgewer bedank hiermee al voorgenoemde persone en firmas opreg vir hul goedgunstige toestemming om genoemde liedere in hierdie bundel op te neem. Die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kommissie het alles in sy vermoë probeer doen om die eienaars van die kopiereg op te spoor. Indien dit tog gebeur het dat 'n persoon of 'n firma, wat kopiereg van een of ander van die liedere besit, oor die hoof gesien is, sal die Algemene Sinode/Algemene Sinodale Kommissie dit waardeer indien hy daarvan in kennis gestel sal word, sodat die nodige erkenning in die volgende uitgawe van hierdie bundel gegee kan word.

Indeling volgens liturgiese verloop

Liturgiese moment	Liednommer
Aanroeping	40
	41
Verootmoediging	5
	18
	26
Vryspraak	14
Lof	4
	5
	7
	10
	11
	12
	27
	28
	29
	31
	35
	45
	46
Verkondiging	6
	7
	25
	41
Sakramente	26
	32
Belydenis en getuienis	1
	6
	10
	14
	16
	19
	20
	22
	23
	24
	25
	27
	28
	30
	32
	33
	35

Liturgiese moment	Liednommer
	37
	42
	43
	44
	47
Dank en voorbidding	3
	36
Gemeenskap	33
Diensbaarheid	8
	9
	15
	38
	39
Werk en lewe	3
	13
	17
	21
	34
	36
	38
	39
	42

ALFABETIESE INDEKS

1. Aanskou die Heiland
2. Al was ek nie daar nie
3. As ek na die lelies kyk
4. Bring lof aan die Vader
5. Bring my na u woning Here
6. Dag van verlossing!
7. Dat Jesus groot is
8. Die Heer oor al wat lewe
9. Doen slegs u wil, Heer
10. Eer aan die Vader
11. Ere aan die Vader (Antwoord op die seëngroet)
12. Ere aan God
13. Gelukkig is die mens
14. Genade, onbeskryflik groot
15. God roep ons
16. God se koninkryk
17. God van yster en beton
18. Here, ontferm U (Kyrie eleison)
19. Here, Redder, groot en magtig
20. Hoor die blye engellied
21. Hou oor my vannag u hande
22. In die stad van koning Dawid
23. Is die toekoms blink of duister
24. Ja, Jesus het verrys
25. Jesus bring vreugde
26. Jesus Christus, Lam van God (Agnus Dei)
27. Jesus, ons eer U
28. Juig, juig in Hom
29. Juig verlostes, juig en sing
30. Lei U ons, Lig, deur hierdie duisternis
31. Mag al die volke
32. My enigste troos
33. Nader, my God, by U
34. Na ploegtyd en na saaityd
35. O Heer, my God
36. O Vader neem ons hande
37. Seun van God, geliefde van die Vader
38. Soek allereers die koninkryk van God
39. Soek in God jou sterkte
40. Stuur, Heer, u lig
41. U het die brood gebreek
42. Uit ons wêreld vol van haat
43. Van God alleen kom nuwe lewe
44. Vaste Rots op Wie ek bou
45. Verheerlik die Heer
46. Verheerlik die Heer (alternatiewe teks)
47. Want so lief het God die wêreld gehad

1 AANSKOU DIE HEILAND

ROCKINGHAM

Isaac Watts
Afr.: Attie P. van der Colf

Die melodie aangepas deur
E. Miller (1790) van die vroeëre
melodie *Turnbridge*



2. Verlate — nogtans, deur sy smart,
straal liefde uit sy woord, sy hart.
Hy pleit, verdra, vergeef, versoen . . .
In só 'n Redder sal ek roem!

3. Vir al my skuld het Hy betaal;
vir my ter helle neergedaal:
gekruisig, dat ook ek voortaan
as losgekoopte vry kan gaan.

4. Vir Hom wil ek met vreugde dien.
Vir Hom mag ek geen kruis ontsien!
'n Liefde so volmaak en vry
eis alles, alles ook van my.

2 AL WAS EK NIE DAAR NIE

Attie P. van der Colf — W.J. Kirkpatrick (1895)

Al was ek nie daar nie — ek weet dit is wáár:
die krip en Ma - ri - a met die Kind - jie by haar.
Dis as - of die eng - el die bood - skap nog bring
van Je - sus, sy vre - de, wat har - te laat sing.

2. Al was ek nie daar nie, ek weet dit is só —
die herders en wyses het dit eerste geglo.
En deur al die jare bou Jesus sy kerk:
die Gees en die Woord kom geloof in ons werk.

3 AS EK NA DIE LELIES KYK

G.C. Strattner.

Attie P. van der Colf

Harmonisasie: Berna Ackermann

As ek na die le - lies kyk,
hoe hul groei en prag - tig lyk,
mooi - er nog as Sa - lo - mo . . .
só sorg God, ons kán dit glo.

2. As ek na die miere kyk,
leer wat hul deur werk bereik,
sien ek hulle is so slim
omdat hulle vroeg begin.

3. Kyk ek na die wilde voëls
wat nie saai nie, wat nie oes,
weet ek dankbaar, kommervry:
God, die Vader, sorg vir my.

4. Deur die kind, die suigeling,
laat die Heer sy lof besing:
"Jesus het kom wonders doen,
en my skuld by God versoen."

Melodie word gebruik met toestemming van Burckhardthaus-Laetare Verlag, Offenbach/Main.

4 BRING LOF AAN DIE VADER

TO GOD BE THE GLORY

W.H. Doane (1875)

Attie P. van der Colf

Harmonisasie: Albert J.J. Troskie



Refrein

Loof die Heer, loof die Heer — sing, ge - lo - wi - ges, saam!

Loof die Heer, loof die Heer — prys sy hei - li - ge Naam!

Hy kom uit ge - na - de ons son - des ver - soen

dat ons Hom vry - moe - dig "Ons Va - der" kan noem.

2. Ons lof aan die Skepper wat altyd getrou
sy kerk hier kom vestig, vernuwe en bou —
vir ons inspireer en wil stuur deur sy Gees
om sout en om lig vir die wêreld te wees.

3. Daar's lewe vir almal wat kom na die lig,
deur liefde en waarheid hul lewens laat rig:
om vry soos die wind, maar gehoorsaam te wees,
bring vreugde en volheid — voortdurende fees!

5 BRING MY NA U WONING HERE

TUT MIR AUF DIE SCHÖNE PFÖRTE

J. Neander 1680/Darmstadt 1698 (ChB 232)

Cas J.A. Vos

Harmonisasie: Chris E. Lamprecht

Bring my na u woning Here, laat my daar voor U verskyn

waar ek lofsing U ter ere, waar u guns oor my kan skyn.

Laat my in u glansend lig neerbuig voor u aan - ge - sig.

2. Lam van God, U bring u offer,
met u bloed maak U my vry
dat ek dank aan U kan uiter,
my aan U alleen kan wy.
Sien my as u priester aan
as ek, Here, voor U staan.

3. Here, heilig U my denke,
laat u woorde my steeds dring
dat ek met my suiwer klanke
singend aan U hulde bring.
Sang en lied is my geskenk
as ek, Here, U gedenk.

6 DAG VAN VERLOSSING!

RICHMOND

T. Haweis (1792), aangepas deur S. Webber (1808)

W.M. Louwrens Strydom

Harmonisasie: W.M. Louwrens Strydom

Jes. 61 Luk. 4

Dag van ver - los - sing! Kyk Hy kom: Ge - salf - de van die Heer.

Oor Hom het God se Gees ge-kom om goei - e nuus te gee.

Vir afwisseling kan alternatiewe openingsmate gebruik word.

Alternatiewe openingsmate vir strofes 2 en 3 (slegs manuaal)

ens.

Alternatiewe openingsmate vir strofes 4 en 5

ens.

2. Hy bring bedruktes nuwe moed,
geboeides maak Hy vry,
verkondig God se nuwe dag:
genade ryk en vry.

3. Hulle wat treur, kom bied Hy troos;
waar smart is, gee Hy eer.
Sy volk wat sug in vreemde land
herstel Hy eind'lik weer.

4. Welig en sterk in God se heil,
geplant deur Hom, die Heer;
sy priesters, dienaars, sal hul heet.
Hul dien sy roem en eer.

5. God se verbond staan ewig vas —
Hy doen wat Hy beloof.
Die nasies sal dit sien, en hoor:
'n volk wat Hom reeds loof!

6. Laat ons dan juig in God die Heer,
want Hy het ons genees,
gered, getooi met bruilofsprag.
Ons vier oorwinningsfees!

7 DAT JESUS GROOT IS

KING'S LANGLEY

C. Breda Ludik

Engelse volksmelodie
aangepas en geharmoniseer deur
R. Vaughan Williams, (1872 - 1958)



2. Dat Jesus groot is kon ons sien
   toe Hy sy wonders doen.
   Toe lammes loop en blindes sien,
   en stommes God kan loof.

3. Dat Jesus groot is kon ons sien
   daar in Jerusalem:
   'n Donkievul dra Koning Jesus.
   Mense bring Hom eer.

4. Dat Jesus groot is kon ons sien
   toe Hy op Golgota
   uit liefde ook vir my gesterf het:
   Hy't my skuld gedra.

5. Dat Jesus groot is kon ons sien
   daar by die leë graf.
   Nou weet ek Hy het opgestaan
   Nou weet ek Jesus leef!

Musiek word gebruik met toestemming van Oxford University Press, London.

8 DIE HEER OOR AL WAT LEWE

MORNING LIGHT

G.J. Webb (1837)

Attie P. van der Colf

Harmonisasie: Albert J.J. Troskie

Die Heer oor al wat le - we kom al - les van my vra:

kom dra, deur self-ver - loë - ning, jou kruis en volg My na.

Wie self - ge-rig bly le - we, hy sal homself ver - loor

maar wie aan self-sug ster - we, laat loop die Leidsman voor.

2. Die Here vra ons almal dat ons onsself verloën:
net só kan ons aan ander sy reg, sy trou betoon.
Want elkeen wat die lewe net vir homself wil hou,
is aan die blye boodskap, die Lewe self, ontrou.

3. Die Leidsman na die lewe het deur wat Hy moes ly
vir ons 'n doel op aarde — werk in sy ryk — berei.
Is daar 'n blyer boodskap? Wat kan mens meer verwag?
Wie met die Here sterwe, herleef ook deur sy krag!

9 DOEN SLEGS U WIL, HEER

ADELAIDE

Teks verwerk deur
Attie P. van der Colf

G.C. Stebbins (1907)
Harmonisasie: Albert J.J. Troskie



2. Doen slegs u wil, Heer, u wil met my;
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
U is die Lewe — wil my herskep!
U weet die beste; net U kan red!

3. Hou my gewillig onder u hand,
lei my emosies, krag en verstand.
U wil ek liefhê, navolg en eer;
U is almagtig — U moet regeer.

Teks is verwerk na aanleiding van *Halleluja* 286, met toestemming van Lux Verbi, Kaapstad.

10 EER AAN DIE VADER

Attie P. van der Colf

Indiese volksmelodie
Harmonisasie: Albert J.J. Troskie

Eer aan die Va - der, wat al - les ge - maak het;

eer aan die Seun, ons Ver - los - ser en Vriend;

eer aan die Gees wat ons lei in die waar - heid —

aan God drie - e - nig ons lof en ons lied.

Refrein

E - re aan God! Die Heer van al - le he - re



2. Heiland, aan U al ons dank en aanbidding!
U't ons kom soek en van sonde gered.
Deur u verdienste kom ek na die Vader:
word ek sy kind, en Hy hoor my gebed.

3. Wek in ons liefde, o Heer, vir u woorde:
liefde laat lewe en waarheid maak vry.
U is die weg, U's die waarheid, die lewe —
U woon in ons, laat ook ons in U bly.

4. Maak ons, o Gees, u getroue getuies
wat graag die boodskap van vrede sal dra:
Heilig is God, maar in Christus genadig —
hul sal Hom vind wat opreg na Hom vra.

5. Jesus is Koning, in hemel, op aarde!
Niks wat sy aandag — sy almag — ontgaan.
Vors van die lewe, wat heers oor ons harte,
vas bly sy ryk tot in ewigheid staan.

11 ERE AAN DIE VADER

(Antwoord op die seëngroet)

Die *Gloria Patri* of *Klein Doksologie*
Afr.: Julian C. Müller

Chris E. Lamprecht (1989)



12 ERE AAN GOD

Die *Gloria in excelsis* of *Groot Doksologie*
Luk. 2:14 aangepas deur Attie P. van der Colf

F.A. Schulz (c.1870)




E - re aan God in die hoog - ste,
e - re aan God in die hoog - ste!
Vre - de op aar - de, vre - de op aar - de,
vre - de op aar - de, vre - de op aar - de, in die
men - se, in die men - se, 'n wel - be - ha - e — in die

men - se 'n welbe - ha - e, 'n velbe - ha - e.

E - re aan God, e - re aan God in die

hoogste, in die hoogste, in die hoog - ste!

Vre - de op aar - de, vre - de op aar - de in die



13 GELUKKIG IS DIE MENS

Gelukkig is het Land
Afr.: Attie P. van der Colf

Valerius' Nederlandsche Gedenck-Clanck (1626)
Harmonisasie: Albert J.J. Troskie





2. Gelukkig is die huis
wat God het as 'n vriend.
Hy maak Hom by hul tuis;
leer hul bedagsaam dien.
Vrymoedig kan hul vra —
Hy sal hul dit laat vind.
Ons stry, ons ly, ons val,
maar bly aan Hom verbind.

3. Gelukkig is die kerk
wat oop is vir u Woord,
aktief is in u werk —
húl doen soos wat dit hoort:
waar U vergifnis gee,
gee hul dit verder deur.
Hul dank, hul prys, hul eer,
hul volg U, troue Heer.

4. Gelukkig dán die land
wat U ook só beskerm!
U bly, deur moord en brand
U daaroor nog ontferm.
U almag stel 'n perk
aan Satan en sy werk.
Wie glo sal vas bly staan —
so het U Self bepaal.

5. Ons eer U, grote God,
God wat vir ewig leef —
hoe diep sny u gebod
van liefhê en vergeef!
Wie op u bystand wag,
gee U weer nuwe krag.
U kom: vergeef, laat leef —
só, Here, blyk u mag.

14 GENADE, ONBESKRYFLIK GROOT

John Newton
Afr.: Attie P. van der Colf

W. Walker, *Southern Harmony* (1835),
ontleen aan 'n melodie van
Thomas A. Arne (1762)



2. Ek is die naam van kind nie werd —
wou self my sake reël.
My lewe, kanse, tyd en geld
is nutteloos verspeel.

3. Maar U sien ver, oneindig ver.
U sien my honger, dors.
Nog voordat ek kon skuld bely,
druk U my aan die bors.

4. Genade, onbeskryflik groot:
daar's fees, ek is weer tuis!
U Seun bring my — verlore mens —
weer in die vaderhuis.

15 GOD ROEP ONS

ELLACOMBE

Oorspronklike Nederlands: Jan J. Thomson (1882-1961)
Afr.: Attie P. van der Colf

Würtenburg Gesangbuch (1784)/
Mainz Gezangbuch (1833)



2. Mét Christus het Hy ons gesalf
tot priester en profeet:
só gee Hy ons die regte woord;
stuur ons na dié in leed.
Hy bind ons in gemeenskap saam
met daardie Christus-naam.
Laat al ons woorde, dade sê:
Ons Hemelvader heers!

3. God roep — en in dié roep is krag
wat ons in swakheid staal:
Hy wil dat ons deur bid en werk
oorwinnings sal behaal.
Wat Hy bepaal is altyd goed —
dit gee ons krag en moed:
wie aanhou bid, sal aanhou werk,
oorwinnings bly behaal.

16 GOD SE KONINKRYK

SENDINGLIED

Attie P. van der Colf — Chris E. Lamprecht (1988)





2. Hy laat ons beleef 'n eenheid,
vryheid deur die Heil'ge Gees.
Bly kan ons gedring deur liefde,
draers van sy vrede wees.
Oral bring sy reg weer vreugde;
oral vier sy kinders fees.
Christus is die blye boodskap:
Hy maak ons sy eiendom.

3. Soos die Vader Hom gestuur het,
stuur die Seun van God sy kerk:
"Dra die blye boodskap verder;
dien, getuig, vermaan, versterk."
Laat ons vrugte dra, blymoedig —
toegewy aan God se werk.
Christus is die blye boodskap:
Hy maak ons sy eiendom.

17 GOD VAN YSTER EN BETON

F. Westbrook.
Afr.: W. M. Louwrens Strydom

H. Pieter van der Westhuizen (1989)



2. U laat bliksemflitse slaan,
U beveel die stormorkaan.
Soos 'n arend in sy vlug
skeur die straler deur die lug.
Motor, trein en satelliet —
U's die God wat spoed gebied.

3. God van kuns en wetenskap,
God van studie en vakmanskap,
God van chemie en musiek,
Heer van ordé en metodiek,
Heer van Woord en Kerk en doop:
U sluit alle kennis oop.

4. Heer van heerlikheid en eer
wat die groot heelal regeer,
U verbreek die dood se mag;
Christus leef! Dis ewig dag.
U het sondaars losgekoop.
U is liefde, U is hoop.

18 HERE ONTFERM U

Kyrie eleison, vir eeue reeds in die
Christelike liturgie gebruik.
Afr.: Julian C. Müller

Chris E. Lamprecht (1989)

He - re, ontferm U oor ons. Chris - tus, ont-ferm U.

He - re, ontferm U oor my en gee ons u vre - de

en gee ons u vre - de.

19 HERE, REDDER, GROOT EN MAGTIG

CWM RHONDDA

Guide Me, O Thy Great Jehovah
Attie P. van der Colf

John Hughes (1907)

He - re, Red - der, groot en magtig — U oorskou ons le - wenspad.

Lei ons in u lig en waarheid tus - sen al - les wat ver - war.

Ek is nie - tig — U's ge-na-dig: U het ook my hand gevat —

U het self my hand kom vat.

2. Vir u volk, deur wolk, deur vlamme
het U self die pad getoon.
Uit die rots, in dor woestyne,
helder die fontein laat stroom.
God almagtig, lig en lewe
kom van u genadetroon —
U kom self die pad ons toon.

3. Lei my, Heer, na die bestemming
in u Raad vir my bepaal;
dat ek leef en werk met vreugde,
want dit sal volharding vra.
Heer, u lyding bring bevryding:
U't vir ons die kruis gedra . . .
mét my kruis volg ek U na.

20 HOOR DIE BLYE ENGELLIED

Charles Wesley (1739)
Afr.: Attie P. van der Colf

Felix Mendelssohn-Bartholdy (1840),
aangepas deur William H. Cummings (1856)





2. Christus, ewig God en Heer,
Christus daar omhoog vereer,
in die volheid van die tyd
word Hy mens, in needrigheid.
Sondelose Lam van God
kom aanvaar die mens se lot —
Hy, met mense saamgetel,
ware God: Immanuel!
Ook die aarde bring Hom eer:
Christus, ewig God en Heer!

3. Jesus, ware Vredevors
kom vir Hom 'n volk verlos.
Wêreldwyd, in elke land
kom bevryding deur sy hand.
In ons nood het Hy gedaal,
vir ons lewe duur betaal.
Vrygemaak, deur Hom gevind,
is ek ook nou koningskind!
Almal deur sy koms verlos,
dank en loof die Vredevors!

Teks is verwerk na aanleiding van *Halleluja* 34, met toestemming van Lux Verbi, Kaapstad.

21 HOU OOR MY VANNAG U HANDE

MAGALIESBURGSE AANDLIED

G. G. Cillié, aangepas
deur Attie P. van der Colf

Suid-Afrikaanse volksmelodie
(opgeteken in 1950)
Harmonisasie: G. G. Cillié



2. Heer, vergeef my al my sondes;
maak my hart opnuut weer skoon:
dan sal ek geen onheil vrees nie —
dan sal vrede in my woon.

3. Neem ons huis, ons vriende, almal,
in bewaring deur die nag.
Môre dank ons U vir goedheid —
gawe van 'n nuwe dag.

Musiek word gebruik met die toestemming van die FAK.

22 IN DIE STAD VAN KONING DAWID

IRBY/ONCE IN ROYAL DAVID'S CITY

Cecil F. Alexander (1848)
Afr.: Pierre Malan

H.J. Gauntlett (1849)



2. Hy kom woon hier onder mense, Hy kom red hul van die dood.
   Hul wat in Hom glo, en aanneem, dié verlos Hy uit hul nood.
   Jesus Christus, God en Heer, aan U, Koningskind ons eer.

3. Eenmaal sal Hy as die Regter in sy koningsmajesteit
   weer verskyn vanuit die hemel, in volmaakte heerlikheid.
   Jesus Christus, God en Heer, aan U, Koningskind ons eer.

23 IS DIE TOEKOMS BLINK OF DUISTER

BEECHER

John Zundel (1870)
Harmonisasie: Albert J. J. Troskie

'k Heb geloofd en daarom zing ik/Wat de toekomst brengen moge. Afr.: Attie P. van der Colf



2. Van u reg en troue liefde
sing ek waar ek ook al gaan.
Here, dankie vir bewaring —
ver bo wat ek kan verstaan.
Is my lewenspad soms duister
hoekom dan bly vra: "Waarom?"
Met die aanhou loop en luister
sal daar wel 'n antwoord kom.

3. Laat ek nooit my lot beslis nie,
al is ek daartoe in staat;
hoe sou ek my nie misgis nie
as U mý die keuse laat.
Wil my soos 'n kind behandel —
self kan ek die weg nie vind!
Hou my in u vaderhande —
dáár's die toekoms van u kind.

24 JA, JESUS HET VERRYS

Hoe groot de vruechten zijn
Afr.: W. M. Louwrens Strydom

J. Oudaen, uit *David's Psalmen* (Amsterdam, 1685)





2. Die kruisweg moes Hy gaan
om sondaars te verseker: God vergewe.
Hy moes ter helle daal.
Sy graf en dood is waarborg van die lewe.
Met lyding, dood en graf voltooi Hy nie sy taak nie.
Hy moes die graf ontsluit. Tóé volg die vrug verseker:
ons lewe, ons lewe,
want Jesus is Doodsverbreker!

25 JESUS BRING VREUGDE

IN DIR IST FREUDE

Giovanni Giacomo Gastoldi
(1591)
Harmonisasie: H. Pieter
van der Westhuizen

Attie P. van der Colf



2. Jesus bring vrede, hemelse vrede:
al ons skuld het Hy versoen.
Nie meer verlore — wedergebore
deur sy Gees wat wonders doen.
Vry kan ons nader tot God die Vader:
niks kan ons skei nie, niks wat ons ly nie.
Hy is ons vrede — vrede wat bly.

3. Heer, U bring vryheid, Heer, U bring blyheid,
U wat mens word in ons nag.
Heerlike gawes gee U weldadig,
God van liefde, God van mag.
Ewige Koning, ons is u woning;
hemel en aarde kry nuwe waarde.
U is die Here. U maak ons vry.

26 JESUS CHRISTUS, LAM VAN GOD

CHRISTE, DU LAMM GOTTES

Martin Luther (1528)
Afr.: W. M. Louwrens Strydom

Kirchenordnung, Braunschweig (1528)



27 JESUS, ONS EER U

JUDAS MACCABEUS

W. M. Louwrens Strydom — George F. Handel (1685 - 1759)

Je - sus, ons eer U, op - ge - sta - ne Heer.

Slot

Lewensvors en Ko - ning, U het tri - om-feer!

Hoe was U ver - ne - der, hoe het U ge - ly;

Herhaal van die begin af tot by slot

hoe is U ver - heer - lik! U voer heer - skap - py.

2. Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
omdat U oorwin het, sal ons triomfeer!
Hoe was ons gebonde, hoe was ons verkneg.
U bevry tot lewe, baan vir ons die weg.
Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
Nou het ons 'n toekoms: lewe by ons Heer!

28 JUIG, JUIG IN HOM

CRUCIFER

G. W. Kitchin en M. R. Newbolt
Afr.: W. M. Louwrens Strydom

Sir Sydney H. Nicholson (1916)

Refrein

Juig, juig in Hom, ons Hei - land aan die kruis, tot

Oorgang na strofes 1-5 | Slot

el - ke tong en taal Hom eer be - wys.

Strofes

Kom, volk van God, kom volg Hom waar Hy lei, want

Herhaal na laaste strofe van die begin af tot by slot

Hy is Oor - win - naar, selfs wan - neer Hy ly.

Refrein: Juig, juig in Hom, ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

2. Lydende Kneg, maar Vors van vorste: Hy!
en ons as sy knegte ken sy heerskappy.

Refrein: Juig, juig in Hom, ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

3. Ons dra sy teken, Hy het ons verseël,
gekoop met sy bloed uit elke wêrelddeel.

Refrein: Juig, juig in Hom, ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

4. Laat elke volk en stam die boodskap dra
van Hom en sy kruis — die prys van Golgota.

Refrein: Juig, juig in Hom, ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

5. Kom, volk van God, loof Christus vir sy kruis;
kom, sing 'n triomflied, laat ons Jesus prys!

Refrein: Juig, juig in Hom, ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

Musiek met toestemming van Hymns Ancient and Modern, St. Mary's Works, Norwich, gebruik.

29 JUIG, VERLOSTES, JUIG EN SING

EASTER HYMN

Latynse volksteks/Charles Wesley (1707-1788)
Afr.: W. M. Louwrens Strydom

Lyra Davidica (1708), aangepas

Juig, ver - los - tes, juig en sing, hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja!

Je - sus het die dood oor - win, hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja!

Hy het uit die graf ge - gaan, hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja!

Loof ons Ko - ning, prys sy Naam, hal - le - lu - ja, hal - le - lu - ja!

2. Hy het klaar die stryd gestry, halleluja, halleluja!
Lewe is vir ons verkry, halleluja, halleluja!
Roem die Vors wat leef en heers, halleluja, halleluja!
God se volk vier ewig fees, halleluja, halleluja!

30 LEI U ONS, LIG

SANDON

Henry Newman (1834)
Afr.: Hans G. W. du Plessis

Charles Purday (1799 - 1885)

Lei U ons, Lig, deur hierdie duisternis, lei U ons, Heer!

Swart is die nag waar-in ons swerwers is, lei U ons, Heer!

Wys U die weg, ons wil U e-wig volg. Waar

U mag lei, sal ons ge-trou U volg.

2. Al wou ek self
my lewenspad kom meet,
al wou ék lei;
noudat ek weet,
nou vra ek U, ek smeek:
sal U my lei?
Ja, ek was dwaas,
versot op ydelheid;
vergeef nou, Heer!
Vergeet tog daardie tyd!

Teks is verwerk na aanleiding van *Halleluja* 260, met toestemming van Lux Verbi, Kaapstad.

31 MAG AL DIE VOLKE

Hans G. W. du Plessis

Duitse melodie, mondelings oorgelewer

1.

Kanon

Mag al die vol - ke en na - sies U loof;

2.

mag hul u lei - ding en ko - ning - skap vier.

3.

Loof Hom, na - sies, kom loof die Heer.

Word onbegeleid gesing.

32 MY ENIGSTE TROOS

Mondelings oorgelewerde teks,
verwerk deur Attie P. van der Colf

Mondelings oorgelewer
Harmonisasie: Albert J.J. Troskie

My e - nig-ste troos in le - we en dood is dat ek aan Je - sus

Christus behoort. Met sy kos - ba-re bloed het Hy my vrygekoop — dis my

an-ker, my vas - te hoop. Ek be - hoort nou aan

Je - sus. Niks sal my ooit van Hom kan skei. Met sy

kos - bare bloed het Hy my vrygekoop — dis my anker, my vas - te hoop.

2. Die doop is die seël dat die Heilige Gees,
my 'n kind van God, die Vader laat wees.
Deur die Woord, die betroubare gids wat my lei,
en uit liefde, bewaar Hy my.
Ek behoort nou aan Jesus.
Niks sal my ooit van Hom kan skei.
Sy onfeilbare Woord is die gids wat ons lei,
deur sy liefde bewaar Hy my.

33 NADER, MY GOD, BY U

S. F. Adams
Afr.: Hans G. W. du Plessis

Lowell Mason (1792 - 1872)
Harmonisasie: H. Pieter van der Westhuizen



2. Al is ek ver op reis,
dwaal ek alleen;
al moet ook snags my hoof
rus op 'n steen;
dan bring my drome my
nader, my God, by U —
nader, my God, by U —
nog naderby!

3. Dan sien my geestesoog
u hemelleer:
engele gaan omhoog,
hul daal weer neer.
U wink en roep vir my
nader, my God, by U —
nader, my God, by U —
nog naderby!

4. Wanneer ek dan ontwaak,
vol van u lof,
rig ek my altaar daar
op uit die stof.
So kan beproewing lei
nader, my God, by U —
nader, my God, by U —
nog naderby!

5. Word ek dan hiervandaan
eenmaal gedra,
dan vaar ek hemelwaarts
deur u gena;
dan sal my lied nog bly:
nader, my God, by U —
nader, my God, by U —
nog naderby!

Teks is verwerk na aanleiding van *Halleluja* 290, met toestemming van Lux Verbi, Kaapstad.

34 NA PLOEGTYD EN NA SAAITYD

WIR PFLÜGEN/DRESDEN

Mathias Claudius (1783)
Afr.: Hans G. W. du Plessis

J. A. P. Schultz (1747 - 1800)





2. Ons eer U as die Skepper,
van alles wat hier groei,
van planttyd en van oestyd;
van winter, en van bloei.
Neem tog ons danklied aan, Heer,
vir gawes ryk en vry.
Ons wil aan U, die Gewer,
aan U, ons opbrengs wy.

Refrein: Alle goeie gawes
kom van die Hemelheer.
Ons dank U, Heer, ja, dank U, Heer,
en wil U daarvoor eer.

Musiek word gebruik met toestemming van Evangelisches Kirchengesangbuch, Schlütersche Verlaganstalt und Druckerei, Hannover.
Teks is verwerk na aanleiding van *Halleluja* 405, met toestemming van Lux Verbi, Kaapstad.

35 O HEER, MY GOD

O STORE GUD

Stuart K. Hürne (1949)
Afr.: Attie P. van der Colf

Sweedse volksmelodie
Harmonisasie: Bertha M. Spies





2. Ek sien die veld — die bosse, berge, vlaktes.
   Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
   O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
   en U sorg dag na dag vir my, u kind.

3. U Seun word mens: in ons gebroke wêreld
   kom vestig Hy sy koningsheerskappy.
   Hy maak weer reg wat sonde hier geskend het.
   Hy bring weer hoop en redding — ook vir my.

4. U maak ons deel van al u grootse werke.
   U laat ons bid, Heer, dat u ryk mag kom.
   En kom U weer, in heerlikheid op wolke,
   maak U volkome nuut u eiendom.

36 O VADER NEEM ONS HANDE

SO NIMM DENN MEINE HÄNDE

Julie von Hausmann (1825-1901)
Hans G. W. du Plessis

Friedrich Silcher (1789 - 1860)

O Va-der neem ons han - de en bind ons nou;

smee U die lief-des-ban - de in goei - e trou.

Al - leen kan ons nie ver - der aan lief - de bou.

Wees U ons trou - e Her - der en lei ons nou.

2. Skenk aan ons u genade,
u liefdeshart.
Slaan ons in liefde gade,
troos ons in smart.
Ons kniel in onvermoë
hier voor U neer.
Kom open tog ons oë
vir liefde, Heer.

37 SEUN VAN GOD, GELIEFDE VAN DIE VADER

Attie P. van der Colf — Hans van N. Babst (1986)

Seun van God, Geliefde van die Vader, bron van le we, bron van lig.

U is Heer, ver-hewe, ewig, magtig: U verdryf die duis-ter-nis.

Voor die skepping was U daar die Eerste. Oor die eng'-le-magte is U Heerser.

Na u wy-se doel en plan hou U al wat is in stand.

2.
Heer, wat uit die dood weer opgestaan het,
Eerste in die groot heelal;
U is Oorsprong van u kerk op aarde,
van geroeptes sonder tal.
U herstel u ryk van reg en vrede:
lei en sterk deur Woord en Gees u lede.
God het dit deur U gedoen:
alles met Homself versoen.

3.
Here, U alleen gee ware wysheid:
insig om u wil te ken.
Ook in stryd ervaar ons u nabyheid:
deur volharding sal ons wen.
Heiland, wat gesterf, ons skuld vergeef het,
Uit die dood verlos, ons laat herleef het —
hou ons biddend, dankbaar, bly,
diensbaar in u heerskappy.

38 SOEK ALLEREERS DIE KONINKRYK VAN GOD

Attie P. van der Colf — Karen Lafferty



Musiek word gebruik met toestemming van Maranatha! Music, Laguna Hills, CA.

39 SOEK IN GOD JOU STERKTE

ST GERTRUDE

Attie P. van der Colf

Sir Arthur Sullivan (1842 - 1900)
Harmonisasie: Albert J.J. Troskie





2. Waarheid en Gods vryspraak hou ons op ons pos,
dan klink bly die boodskap dat die Heer verlos.
Ons geloofsvertroue is 'n skild wat keer —
daarmee kan ons elke brandpyl van die Satan weer.
Ons bly van verlossing altydeur bewus
en met God se swaard, sy woorde, toegerus.

3. Doen dit alles biddend, soos die Gees ons lei —
ons sal op-en-wakker en gelowig bly!
Almal wat kan volhou, saam kan bid en werk
deel in die oorwinnings van Gods koninkryk en kerk.
God is krag en sterkte; Hy't finaal gesag:
biddende soldate openbaar sy mag.

40 STUUR HEER, U LIG

SENDE DEIN LICHT

Hans G. W. du Plessis — Duitse melodie, mondelings oorgelewer



Word onbegeleid gesing.

41 U HET DIE BROOD GEBREEK

BREAD OF LIFE

Attie P. van der Colf

William F. Sherwin (1877)
Harmonisasie: Albert J.J. Troskie (1989)



2. U is die lewensbrood, Heiland, vir my.
U is die Waarheid, Heer, U maak my vry.
U beeld straal uit die Skrif so helder voort —
U soek ek, Heer, Uself, o Lewend' Woord.

3. Soos wat u Gees ons lei, wil ons u dien
met krag en liefde deur Uself voorsien!
Waar ons gelowig volg, waar U ook lei,
doen ons die goeie werk deur U berei.

Teks is verwerk na aanleiding van *Halleluja* 146, met toestemming van Lux Verbi, Kaapstad.

42 UIT ONS WÊRELD VOL VAN HAAT

OSBORNE

Fred Kaan (gebore 1929).
Afr.: C. Breda Ludik

Henry Carey (1692 - 1742),
aangepas en verwerk deur R. Vaughan Williams

Uit ons wê-reld vol van haat, vol oor - log, nyd en kwaad
kom roep ons nou na U, o God, op wie ons ons ver laat.

2. Uit die donker van ons tyd, die greep van Satansmag —
verlang ons na die ware Lig soos wagte in die nag.

3. Here, U alleen gee hoop waarop 'n mens kan bou.
Ons anker is die Here God wat sy beloftes hou.

Musiek word gebruik met toestemming van Oxford University Press, Londen.

43 VAN GOD ALLEEN KOM LEWE

ST. CLEMENT

Attie P. van der Colf

C.C. Scholefield (1839 - 1904)

Van God al - leen kom nu - we, le - we —



2. Daar was geen mooier, blyer dag nie
as dié toe ek my Heer ontmoet.
Van Hom het ek geen heil verwag nie,
maar Hy het my – Hy't my – kom soek!

3. Hy hoor verby die praat van mense;
Hy sien, deur alle skyn, hul nood.
Hy reik oor vrees, besware, grense
en gee weer insig, moed en hoop.

4. Hy's Vriend, Hy's Voorspraak, ons Verlosser
wat al ons skuld by God versoen.
Hy bring bevryding van die Bose
dat ons die goeie weer kan doen.

5. U gee vir ons die lewenswater;
geloof wat berge kan versit —
gee, deur die Gees, dat ons die Vader
altyd getrou, opreg aanbid!

44 VASTE ROTS OP WIE EK BOU

SPAIN

Vaste rots van mijn behoud
Afr.: Cas J. A. Vos

Gepubliseer in *The Spanish Hymn* (1926),
blykbaar van Ierse oorsprong.
Harmonisasie: Chris E. Lamprecht



2. Sonde woed met alle mag,
onrus kwel my dag en nag.
In my sonde vasgevang,
laat U my na U verlang.
U het alles vir my veil,
God, my Rots van ware heil!

45 VERHEERLIK DIE HEER

HANOVER

Sir Robert Grant (1833),
gebaseer op Ps. 104.
Afr.: Hans G. W. du Plessis

Toegeskryf aan William Croft (1678 - 1727)
Harmonisasie: Chris E. Lamprecht



2. Vermeerder ons krag, so wank'lend en klein!
U liefde versterk, u Woord maak my rein;
o leer ons besef met 'n dankbaar gemoed,
Gods doel met sy kinders is heilig en goed!

3. Verhef dan, my lied, sy grootheid en mag,
genade so ryk, sy oppergesag!
Gered uit die sonde deur Christus, die Heer,
sal ons eens as konings en priesters regeer.

Teks is verwerk na aanleiding van *Halleluja* 25, met toestemming van Lux Verbi, Kaapstad.

46 VERHEERLIK DIE HEER

HANOVER
(alternatiewe teks)

Sir Robert Grant (1833),
gebaseer op Ps. 104.
Afr.: Attie P. van der Colf

Toegeskryf aan William Croft (1678 - 1727)
Harmonisasie: Chris E. Lamprecht



2. Verheerlik die Heer deur vrugte te dra;
en waar dit ontbreek, vrymoedig te vra.
Die Herder wat soek, wat verdwaaldes wil red
gebruik ook ons woorde, gesindheid, gebed.

3. Verheerlik die Heer deur dankbaar te leef.
Verlos van ons skuld, kan ons ook vergeef.
Met waarheid as rigsnoer, met reg wat ons lei,
gee Hy ons 'n vrede wat verder versprei.

4. Hy gee ons 'n skat – so het Hy beloof —
waar roes nie verniel, waar diewe nie roof.
Kom dien dan die Here – verheerlik tesaam
sy wysheid, sy almag, sy heilige Naam.

Teks is verwerk na aanleiding van *Halleluja* 25, met toestemming van Lux Verbi, Kaapstad.

47 WANT SO LIEF HET GOD

Joh. 3:16 (1933-vertaling)

Chris E. Lamprecht (1971)



NG Kerkboekhandel
1989 (EDMS) BPK